



## **Afdeling 1: Leerders**

### **Gedragkode van die gebruik van die Rekenaartoerusting en of –diens.**

Ons is trots op die feit dat ons ons leerders met die jongste tegnologie kan toerus. Daar word van leerders verwag om toepaslike gedrag aan die dag te lê, wanneer die skool se rekenaarklas en –fasiliteite gebruik word. Die algemene skool- en kommunikasiereëls geld steeds. Die gebruik van die rekenaarfasiliteite is 'n voorreg en nie 'n reg nie en mag dus herroep word indien daar wangebruik plaasvind. Leerders is persoonlik verantwoordelik vir hul toegang en gebruik van die rekenaarfasiliteite. Daar word van leerders verwag om nie toegang te verkry of inligting te stuur of ontvang, wat hul nie wil hê hul ouers of onderwysers mag sien nie. Daar word verwag dat leerders aan die onderstaande gespesifiseerde vereistes en reëls sal voldoen.

#### **Algemene Reëls**

Leerders moet die algemene skoolreëls gehoorsaam en te alle tye goeie dissipline handhaaf .

- Daar mag nie geëet of gedrink word in die rekenaarklas nie. Dit sluit water en kougom in.
- Skooltasse moet netjies voor leerders se voete geplaas word.
- Die Rekenaarklas moet netjies gehou word.
- Hardloop, rowwe speletjies en lawaai is ontoelaatbaar.
- Stoele mag geensins misbruik word deur daarop te ry nie.
- Geen verstellings mag aan toerusting gemaak word nie.
- Geen USB geheuestafies of enige ander verwyderbare toestel mag gebruik word nie.
- In die geval van beskadiging of vandalisme sal leerders aanspreeklik gehou word. Leerders moet enigiets wat afwyk van die normale, onmiddellik onder die aandag van die onderwyser bring. Onder geen omstandighede mag leerders probeer om iets self te herstel nie.
- Geen sagteware mag geïnstalleer of verwyder word nie.
- Leerders mag nie speletjies op die rekenaars speel nie, mits dit deel uitmaak van 'n les en deur die onderwyser as 'n klasaktiwiteit gebruik word.

- Alle leerders is geregtig op redelike privaatheid van hul werk en daarom is dit 'n oortreding as iemand anders poog om toegang tot 'n persoon se geheime wagwoord te kry. Slegs die Skoolhoof het die reg tot toegang tot enige leerder se lêers en webwerfgeskiedenis, indien daar 'n vermoede van wangebruik bestaan t.o.v die oortreding van die Gedragskode van die gebruik van die rekenaartoerusting en of –diens.

**Die Internet**

Die skool stel homself ten doel om die Internetbronne vir opbouende opvoedkundige doeleindes te gebruik. Die Rekenaarkurrikulum vereis dat die leerder begelei sal word tot verantwoordelike gebruik van die Internet. Alle gesinne moet egter bewus wees dat sommige inligting op die internet onwettig is, kwaadsprek en/of die potensiaal kan hê om aanstoot te gee. Alhoewel die skool alles in sy vermoë doen om kontroversiële webwerwe en sosiale netwerke te blok, bestaan die moontlikheid tog dat ongewenste inligting gevind kan word, omdat die Internet grotendeels nie gereguleer word nie.

Ten slotte; ouers of voogde is verantwoordelik om standarde vir hul kind te stel en om hom /haar in te lig oor die verantwoordelike gebruik van die media. By die skool word daar ook sekere vereistes en reëls gestel waaraan leerders moet voldoen. Dit word gereeld gemonitor. Almal by die skool is aan hierdie vereistes en reëls onderworpe.

**Die gebruik van die Internet word slegs toegelaat**

- Gedurende onderrigtye onder streng toesig van die onderwyser.
- Die aflaai van inligting mag slegs geskied met die toestemming van die onderwyser.
- Leerders mag geen rekeninge van hul eie hê nie.
- Die Rekenaarklas is gewoonlik oop op Maandag – Donderdag tot 15:30. Leerders kan dit dan onder toesig van 'n onderwyser gebruik .

**Die drukkers in die rekenaarklas**

Die skool voorsien wel drukfasiliteite as deel van die skool se netwerk. Hierdie drukkers mag slegs in klastyd gebruik word mits die onderwyser dit vereis. Drukwerk mag na skool gedoen word teen 'n koste van R2.00 per A4.

**Bespreek asb. hierdie dokument met u kind; teken en stuur asb. terug skool toe. Hierdie vorm sal in u kind se persoonlike lêer geplaas word.**

Ek,.....het die bogenoemde geles en verstaan. Ek onderneem om aan hierdie Gedragskode te voldoen. Ek verstaan dat indien ek die reëls verbreek, ek verbied sal word om die rekenaarklasfasiliteite van Darling Kollege te gebruik.

**Leerder.....**

**Ouer/ Voog..... Datum.....**